

## **Spreuke 13:1-25**

### **Soek en deel jou wysheid**

#### **Inleiding:**

- Om alles te kan weet sal darem die lewe soveel makliker maak.
  - Soos wat ons ouer word besef hoe die soeke na kennis en wysheid net meer en meer word.
    - Uiteindelik as dit vir ons beskore is, besef ons dat ons nie alles kan weet nie.
- As kind is daar baie kere vir my gesê as ek vra wat in 'n sak is – husse met lang ore.
  - En tot vandag toe het ek geen idee wat 'n hus is nie.
    - Daardie kennis het ek nog nie bekom nie.
    - Maar tog kan ek julle waarborg dat as my kind ooit moet vra wat in 'n sak is – daar reeds 'n antwoord op reserwe wat net wag om oor te loop.
- Ons soeke na wysheid antwoord nie altyd die vra wat ons vra nie, maar so dikwels word die vrae geantwoord wat ons nie eers gedink het ons vra nie.
  - Ons weet nie alles nie.
  - Maar deur die genade van die Here weet ons genoeg.
    - Deur God se woord word die wysheid met ons gedeel sodat ons God reg kan ken.
      - Nog meer as dit, ons word duidelik geleer hoe om te leef tot eer van God.
- Daarom praat God vandag met ons deur Spreuke 13 sodat ons duidelik sal besef – Soek jou wysheid en deel.
  - God is die bron van wysheid
  - God se wysheid rig ons lewens
  - Dra jou wysheid oor

### **God is die bron van wysheid**

- Spreuke is deurtrek met bekende spreekwoorde wat taamlik eenvoudig is en maklik om te verstaan.
  - Spreuke 1:7 maak ook vir ons duidelik wat die doel van hierdie boek is.

- *“Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.”*
- As ons wysheid ons nie na God toe lei nie, dan is ons besig om die punt te mis.
- Die boek Spreuke staan bekend as wysheidsliteratuur.
  - Die naam verduidelik taamlik duidelik wat dit is.
    - Skrywes wat gaan oor wysheid.
- Wysheidsliteratuur is van die oudste geskrewe tekste wat daar is.
  - Daar is Egiptiese spreuke wat neergeskryf is reeds 3000 v.C.
- Alle kulture in die ou nabye ooste het van hierdie spreuke gehad.
  - Daar is Spreuke opgeskryf in Akkadies, Summeries, Siries, en Aramees.
  - En baie van hierdie wysheids steme ooreen met dit wat ons lees in die boek Spreuke, behalwe vir een kerngedagte.
    - Weereens Spreuke 1:7.
    - Wysheid begin by God.
- Daarom is die boek Spreuke nie maar ‘n versameling wyse woordjies nie.
  - Die boek Spreuke leer hoe om ons lewens so in te rig om tot eer van God te leef en ons naaste opreg te kan liefhê.
  - Die hebreuse woord vir wysheid beteken nie net verstandlike vermoëns of om iets te weet nie.
    - Dit is meer die gedagte van praktiese kennis.
    - Om ‘n vaardigheid te hê.
      - In Eksodus 31:1-3 word Besaleël beskryf as ‘n man met wysheid omdat hy die vaardigheid gehad het om planne te maak en met goud en silwer kon werk.
      - Oholiab word beskryf as ‘n wyse man omdat hy kunstig was.
        - Hierdie manne met hulle wysheid was dan opgeroep om alles te maak vir die tent van ontmoeting.
        - Duidelike voorbeelde van hoe wysheid gebruik word om tot God se eer te leef.
- In elkeen van die Spreuke moet ons dan eers lees – wat word vir my van God vertel in hierdie spreuk?
  - Spreuke is heeltemal anders as die wette wat sê wat ons mag en nie mag doen nie.
  - Spreuke is ook anders as die profetiese boeke – Die gedagte van so sê die Here, staan nie sentraal in die boek Spreuke nie.
  - Spreuke is eerder ‘n versameling insigte van God se mense deur die generasies.
- Alles wat in die boek Spreuke staan is ook nie noodwendig beloftes nie, maar eerder waarskynlikhede.

- Die gedagte dat as jy God vrees en met integriteit leef, sal jy lank leef, is in beginsel waar.
  - Daar is egter ook uitsonderings.
  - Dit beteken nie dat iemand wat op 'n jong ouderdom doodgaan, God nie gedien het nie.
- Dit is opvallend dat God se verbondsnaam gebruik word wanneer God genoem word in groot gedeeltes van die boek Spreuke.
  - Dit vat ons terug na die gedagte dat God se beloftes vas staan.
  - Hy belowe 'n groot nageslag.
    - Met ander woorde ouers gaan kinders hê, en daardie kinders gaan weer ook kinders hê.
    - Daarom word soveel wysheid gegee oor hoe om kinders groot te maak.
      - God deel met jou die seën van die verbond om vir jou kinders te gee, daarom moet jy ook die wysheid aan die volgende generasie oordra.
    - Die wysheid wat ons dan daarom so uit die hand van die Here ontvang moet ook dan ons lewens rig om hierdie wysheid uit te leef.
- Leef die wysheid uit, want God is die bron van alle wysheid.
  - Omdat dit is wie God is, moet ons dit dan ook so uitleef as God se beeld en sy verteenwoordigers.
    - Wat getuig ons van God se wysheid en alwetendheid, as ons in eie dwaasheid vasval?

### **God se wysheid rig ons lewens**

- Daar word soveel verskillende temas van die lewe aangespreek.
  - Ouerskap, besigheid, die huwelik.
    - Alles praktiese hulp om werklik tot eer van God te leef.
- In die gedeelte in Spreuke 13 wat ons saamgelees het kom baie van hierdie praktiese raad ook na vore.
- Wat opvallend is dat die wysheid in Spreuke 13 oorgedra word in die vorm van kontraste.
  - Aan die een kant die regverdige en aan die ander kant – die goddelose.
    - So sien ons dat wysheid en die regverdige hand aan hand met mekaar loop.
    - En dan aan die anderkant – dwaasheid en goddeloosheid.
      - So word dit vir ons baie duidelik gemaak dat die dwase geen hoop het nie, maar dat die regverdige se hoop gegrond is in God.
- Maar telkens word die lewe en optrede gebruik om te beskryf of iemand dwaas of wys is.

- Spreuke 17:28 maak dit baie duidelik – “As 'n dwaas nie praat nie, kan selfs hy aangesien word vir 'n wyse, en as hy sy mond toehou, vir 'n verstandige mens.”
- So is dit duidelik dat jou woorde dalk iets van jou kan wegsteek, maar jou daade maak dit baie duidelik aan watter kant jy is en waar jou wysheid vandaan kom.
  - Jou optrede verklap duidelik jou wysheid.
    - Jou optrede verklap duidelik of jy leef tot eer van God en liefde vir jou naaste, en of jy maar net verval in jou dwaasheid wat in realiteit goddeloosheid is.
- Wanneer ons erken en bely dat God ons enigste bron van wysheid is, dan moet ons in dieselfde asem ook erken dat in ons geen wysheid is nie.
  - Ons is van nature dwaas en van nature goddeloos.
    - Maar omdat die Vader ons deur die Gees verander en vernuwe kan ons werklik ons wysheid in God soek.
    - Jy kan nie lewe deur die Gees en steeds vasklou aan die dwaasheid van hierdie wêreld nie.
  - Vers 13 herinner ons – *“Wie hom nie aan die woorde van die Here steur nie, sal die gevolge dra; wie eerbied het vir sy geboorte, sal die goeie vrugte pluk.”*
    - Hierdie is nie die belofte van ‘n kitsrykdom nie, maar ‘n bevestiging van die ewige lewe wat op ons wag omdat ons vashou aan die enigste wysheid wat daar in hierdie wêreld is.
- So besef ons dat die wysheid net van God af kom.
  - Hierdie wysheid is die wyse waarop ons ons lewens moet rig.
  - As ons sonder hierdie wysheid leef dan is ons dwaas en die dwaasheid loop uit op goddeloosheid.
    - Dit is redelik eenvoudig.
      - Maar hoe maak ons dit prakties?
        - En dit is juis hier waar ons die kosbare boodskap van die boek Spreuke kry.
  - Deel jou wysheid.

### **Deel jou wysheid**

- Daar is baie verskillende maniere om jou wysheid te deel, maar ons gaan vanoggend in besonder na twee spesifieke maniere kyk.
  - In vers 1 lees ons dat ‘n wyse seun hom deur sy vader laat leer.
- Jy kan nie wysheid deel, as jy nie eers wysheid ontvang nie.
  - Jy moet dus gewillig wees om wysheid te ontvang.



- Nie deur bevel en dreigemente en geweld nie, maar deur jou liefde vir God ook uit te leef.
    - Wys jou kind dat jy ook wysheid het wat van God af kom.
- Hierdie wysheid word gedeel in huisgodsdien om saam die Here se woord te hoor en daarvoor te praat.
  - Dit word geleer deur saam na die eredienste te kom om toegerus te word.
    - Dit word geleer daar waar jy jou kind bystaan en help met hulle voorbereiding vir kerkdienste.
  - Die vereiste is nie dat jy alles moet weet nie, maar dat jy wel deel wat jy weet, en saam soek as daar kennis kortkom.
- Kinders, soos wat jou ouers die opdrag het om God se wysheid met jou te deel, het jy ook die opdrag om daarna te luister, maar ook om hulle aan te spreek as hulle nie doen wat God van hulle verwag nie.

## Slot

- Die mens is van nature nuuskierig.
  - Ons wil al hoe meer weet.
    - Van kleins af vra ons almal hoekom en waarom.
    - So begin ons soeke na wysheid.
- As ons ons wysheid by die verkeerde plekke gaan soek, besef ons later dat dit eintlik maar dwaasheid is.
  - Wysheid wat van God af kom, verander jou heeltemaal.
    - Jy dink anders en sien anders en leef anders.
    - As jy werklik deur die Gees verander is, besef jy dat wysheid nêrens as uit die woord van God af kom nie.
      - Dit gee vir jou 'n brandende begeerte om die wysheid aan elkeen te deel.
  - So word dit werklik prakties.
    - Dan besef ons die evangelie is nie net nuus nie, maar vir elkeen wat sy wysheid by God soek, is dit goeie nuus.